Verw : A15
Navraag: Adv A R Ackermann S C
Tel : 845 6432

[redacted]

# SPECIAL LITIGATION UNIT / SPESIALE LITIGASIE EENHEID

26 Junie 2006

---

## MEMORANDUM

**AAN** : Dr S Ramaite S C

**VAN** : A R Ackermann S C

**ONDERWERP** : **DIE STAAT teen**

**(1) MTHETHELEDI ZEPHANIA MNCUBE**
**(2) MZONDELELI EUELID NONDULA**
**(3) JABULANI SYDNEY MBULI**

**Saakdossiere :**

**(1) Messina MR 67/12/85 : Moord van 2 SAP lede**
**(2) Messina MR 57/11/85 : Landmynontploffing**
**(3) Messina MR 58/11/85 : Landmynontploffing**
**(4) Messina MR 67/11/85 : Landmynontploffing**
**(5) Messina MR 65/11/85 : Landmynontploffing**
**(6) Messina MR 66/11/85 : Landmynontploffing**
**(7) Messina MR 34/12/85 : Landmynontploffing**
**(8) Messina MR 41/12/85 : Landmynontploffing**
**(9) Messina MR 21/02/86 : Landmynontploffing**
**(10) Alldays MR 10/10/86 : Landmyn onskadelik gestel**
**(11) Alldays MR 11/10/86 : Landmyn onskadelike gestel**

---

Die ondersoek het verder op 'n gewapende aanval op 26 Desember 1986 op 'n SAW patrollie betrekking waartydens 3 ANC-lede doodgeskiet en een (**MNCUBE**) gearresteer is. **MNCUBE** het later daarin geslaag om te ontsnap deur twee SAP-lede nl **ALOFF GERBER** en Sers **NEL** dood te skiet. (Messina MR 67/12/86).

Eersgenoemde twee persone hierbo (**MNCUBE** en **NONDULA**) is later gearresteer en is weens al die gemelde misdade vervolg, skuldig bevind en gevonnis, terwyl die derde persoons (**MBULI**) nooit gearresteer was nie.

2. **AMNESTIE**

Amnestie is op 16 Maart 2001 aan al die bogenoemde persone verleen vir alle misdade wat met gemelde ontploffings verband hou. Eersgenoemde (**MNCULBE**) het ook amnestie vir die moord van die twee SAP lede ontvang.

3. **OPMERKING**

Die ANC het die gebruik van landmyne in die Messina grensgebied goedgekeur en opdragte in die verband is deur die bevelstruktuur van Umkhonto we Sizwe (MK) aan lede gegee. (Amnestie uitspraak van vermeldes).

Volgens getuienis gelewer was die vermeldes onder bevel van ene **MANCHECK** wat opdragte gegee en aan MK gesagvoerders verslag moes doen. **MANCHECK** is oorlede en daar is geen getueinis oor sy skakeling met die MK oppergesag nie.

Al die ander ANC-lede (voetsoldate) wat by hierdie misdade betrokke was is oorlede.

4. **BESLISSING**

Ten opsigte van die sogenaamde voetsoldade is geen verdere ondersoek nodig nie. Ten aansien van die ANC leierskap wat die opdragte vir die landmynveldtog gegee het en nie amnestie ontvang het nie, moet 'n besluit tegelegener tyd nog geneem word nadat al die relevante partye gespreek is.

Bovermelde is 'n moeilike besluit.

Adv A R Ackermann S C 20/6/2006
SPESIALE DIREKTEUR
/tp